Pretoria- 22 April 2012

<u>Skriflesing</u> Hebreërs 1 en 2
Heidelbergse Kategismus: Sondag 13
Teks: Hebreërs 1: 1-4; 2:11b
Sing- Ps. 89:3; Ps. 40:8; Ps. 9:1,7; Ps. 2:4,6

In die vorige twee Sondae, Sondag 11 en 12 het die Here sy Seun by die name Jesus en Christus aan ons bekendgemaak. Broeder en suster, vandag kyk ons na Jesus se twee laaste name- Die Naam **<u>eniggebore Seun van God</u>** en dan sy Naam **<u>ons Here</u>**. Sy Naam, die eniggebore Seun van God, is die Naam vir sy verhouding tot die Vader. Sy Naam, ons Here, is die Naam vir sy verhouding tot ons. Wanneer ons die Name van Jesus hoor dan is dit weereens opvallend dat God in sy Drie-Eenheid 'n God van verhoudinge is. Jesus se Name is selfs uitdrukking van God se verhoudinge. Daarom kan ons ook praat van die Here van die verbond. Die verbond wat tog niks anders as verhoudinge veronderstel nie. *"Ek sal vir julle 'n God wees, julle moet vir my kinders wees"*.

Die Here het hierdie verhouding (sy verbond) end-uitgevoer. In sy Seun het God nou nader as ooit aan ons gekom. Hy is nou by ons, met ons, in ons. Ons bely dan nou die nabyheid van die Here met die tema –**JESUS CHRISTUS, DIE ENIGGEBORE SEUN VAN GOD IS ONS HERE.** Eerste gaan ons kyk na die verhouding van Christus tot God. Hy is by God. Tweedens die verhouding van ons tot God. God is met ons. En in die laaste plek die verhouding van Christus tot ons. Christus in ons.

<u>Die verhouding van Christus tot God….Hy is by God.</u>

In die Hebreër brief waarvan God-alleen werklik die skrywer ken is die verhouding tussen Christus en God die Vader so duidelik. Ons sien dat Jesus Christus is die eniggebore Seun van God. Die onbekende skrywer sê vir ons, dat in die ou tyd, in die ou bedeling het die Here met ons deur sy profete gepraat. Maar dan staan daar aan die einde van vers 1 en vers 2-*in die laaste dae het Hy tot ons gespreek deur die Seun, wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur Wie Hy ook die wêreld gemaak het.*

Jesus, die Christus, is die eniggebore Seun van God waardeur God nou met ons klaar gepraat het. God het Hom so ten volle in sy Seun uitgespreek dat Hy voortaan kan swyg. Selfs die Heilige Gees Wie se uitstorting ons in hierdie Pinkstertyd herdenk, het niks meer hieraan toe te voeg nie. Hoor u, wat dit alles beteken as die Vader sê, Hy het sy Seun as Erfgenaam aangestel? Geen profesie meer nie, die Vader praat nie meer nie, die Heilige Gees praat nie op sy Eie nie, *want Hy het die Seun as erfgenaam <u>van alles</u> aangestel.* Die Seun is nou die

enigste stem wat praat. Sy stem is die lewende Woord, waarvan die Heilige Gees die lewe is. Sonder die Woord praat die Here met niemand in woorde nie!

Nadat Jesus vir ons as die enigste stem, as die enigste Seun van God voorgestel word, dan lees ons aan die einde van vers 2, dat Hy is ook die *Een deur Wie God die wêreld gemaak het…* So was Hy ook Skeppings Middelaar, terwyl Hy nou die erfgenaam van alles is. Wanneer ons die profete in die Ou Testament hoor praat dan is hulle groot in hulle woorde en werke, Maar elke keer moes hulle ook nog sê- "*so spreek die Here HERE*". Jesus daarenteen kon met krag en outoriteit verklaar – "*Voorwaar, voorwaar* ***Ek*** *sê vir julle".* Jesus is meer as net 'n Profeet. Hy hoef nie te sê- so sê die Here HERE nie. Hy is die Here!

In sy verhouding tot die Vader lees ons in vers 3 *–Hy is die afskynsel van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese en alle dinge dra Hy deur die woord van sy krag…..*Hy is 'n afskynsel, Hy is die uitstraling van God se heerlikheid. Die profete in die ou tyd het nog die sterreglans van God se genade uitgedra. In Jesus het ons nie net meer die sterreglans nie, maar dié Sonneglans van die dag van God se genade wat opgekom het toe Jesus na ons gekom het. Die uitstraling van God se heerlikheid in Jesus Christus sê aan ons soos wat die son werklik die enigste bron van lig is. Jesus is die enigste Een wat God se lig só kan laat skyn. Nou moet ons ook mooi onderskei. In die verhouding van Christus tot God die Vader, sien ons die Vader het aan die Seun die lig gegee om die lig in Homself te hê. Jesus is 'n eie Bron van lig. Hy besit 'n eie heerlikheid gelyk aan God.

Soos die lig, is Jesus se majesteit teenoor die Vader dieselfde. Hy besit 'n majesteit van sy eie. Ons het gelees *Hy is die afdruksel van God se wese…* Ons kan ook vertaal- *Hy is die ewebeeld van die wese van God.* In Kolossense 1:15 hoor ons *Hy is die Beeld van die onsienlike God……*Die woord afdruksel is in die Grieks 'n woord soortgelyk aan 'n stempelafdruk. 'n Stempelafdruk is gelyk aan die stempel, maar is tog ook los van die stempel. Jesus se majesteit is gelyk aan die Vader, maar is ook tog apart van die Vader. Jesus is die Een wat *alle dinge dra deur die woord van sy krag…..*Die alle dinge wat Hy dra hou sekerlik verband met die feit dat die Vader Hom as die erfgenaam van alles aangestel het. In die res van die vers sien ons benewens die feit dat Jesus aangestel is, het Hy ook in Homself gewerk. Ons lees ook in vers 3 - nadat *Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk, het Hy gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte.* Reiniging is die taal van die Ou Testament soos wat die Here in Levitikus 16:30 al geëis het dat op die groot

versoendag *moet julle voor die aangesig van die Here rein word.* Daarna kon Hy eers aan die regterhand van God gaan sit, soos wat hier letterlik in die Grieks staan – daar in die hoë plekke. In die hoë plekke het Hy die Naam wat bo elke Naam is (Fil.2:9). Die Naam eniggebore Seun van God, die Naam ons Here.

***

Ons hieronder bely dat Christus word die eniggebore Seun van God genoem, omdat alleen Christus die ewige natuurlike Seun van God is. Uit wat ons in vers 2 en 3 tussen die verhouding van Christus en God die Vader gelees het behoort dit vir ons duidelik te wees Christus is Seun van God. Hy is God se erfgenaam. 'n Kind is mos 'n erfgenaam, so is God se Seun sy erfgenaam. Hy is ook 'n eniggebore Seun, m.a.w. die enigste Erfgenaam. Alleen Hy dra die afskynsel of uitstraling van God se heerlikheid. Alleen Hy is die afdruksel van God se wese, Sy Majesteit. Die wese is tog die natuurlike grondslag, daarom noem ons Hom die natuurlike Seun van God. Hy is dit van ewigheid af. Ons het mos ook gelees dat dit juis deur Hom is Wie die *Vader die wêreld gemaak het.*

Ons in die wêreld is alleen om sy ontwil uit genade tot kinders van God aangeneem. Hiermee dan ons tweede hoofgedagte –

Die verhouding van ons tot God…God met ons.

Soos wat die Hebreër brief nie huiwer om Jesus gelykwaardig aan God te beskou nie, so duidelik word ons ook in verhouding tot God gestel. Die mense aan wie die Hebreër-brief gerig is, is mense wat alreeds 'n ent moes gevorder het in geloofsgroei. Hulle moes daarvan seker wees dat hulle, die kerk van die Hebreërs, is God se volk. Hulle moet weet dat terwyl hulle onderweg is na die voleinding hulle steeds in die geloof moet volhard. Dan sien ons hulle is besig om in die geloofstryd uit te sak. Die slap hande en die lam knieë, wil slap en lam bly (Heb.12:12).

Net die blote feit dat God aan hulle die brief laat skryf, wys vir ons, God wil met hulle wees. Hulle moet nie uitsak of moedeloos word nie…hulle moet ook sy kinders wees, om Christus ontwil. Hy, die Here Jesus Christus vir Wie die Vader sommerso in die begin van die brief ten volle bekendmaak. Hulle moes presies weet Wie Jesus Christus is. Jesus Christus was nie aangestel as Skeppings Middelaar nie, Hy was dit Self, van ewigheid af. Tog is Jesus Christus as Verlossings Middelaar aangestel. Die Vader het vir Jesus, die Skeppings Middelaar, ook as Verlossings Middelaar aangestel, ter wille van sy volk, sy kinders.

Alleen sy eie Seun kon die Middelaar wees, sodat ons ook vandag kinders van God kan wees. So verstaan ons ons belydenis dat ons om sy ontwil tot kinders van God aangeneem is. Dit verander nie aan die feit dat Christus die enigste ewige Seun van God is nie, want Hy alleen is dit van nature. Ons is alleen kinders uit genade, in aanneming. Die taal van ons belydenis klink soos 'n kind wat so pas by sy ma gehoor het, dat ons aangenome kinders is. Ons weet mos die wat God as Vader het, het die kerk as moeder. Ons belydenis is juis die antwoord van moederkerk. Watter oomblik van teerheid om kind van God genoem te word, wanneer ons ma, die kerk van alle eeue dit vir ons sê.

Ons wat vyande van God was, kinders van Sy toorn, slawe van die Satan, ons is nou die Here se kinders. Die leuenaar van die begin af, die duiwel, was ons vader. Hy is 'n mense moordenaar, 'n kindermoordenaar waaraan die volkswelsyn of kindersorg niks kon doen nie. Christus kon iets doen. Hy het iets daaraan gedoen. Hy het ons uitgekoop, losgekoop uit die heerskappy van Satan. Ons is soos brandhout uit vuur geruk. Ons wat in sonde gebore is. U sal dalk nog onthou in ons reeks uit Esegiël- Esegiël vertel ons van ons geboorteproses. Soos n pasgebore baba nog tussen die bloed en nattigheid lê, so lê ons in vuilheid en sondaar bloed. Daar het Christus ons opgetel. Jesus bring ons nou na sy Vaderhuis, Hy ons Hoëpriester wat in die Hebreër brief so duidelik uitstaan. Christus se Seunskap wat ons in die begin bely het, is nou juis vir ons sy Priesterskap. Die feit dat Jesus, Seun van God is – kyk maar ook hoofstuk 1:8, dit word aan sy Hoëpriesterskap in hoofstuk 3:6 verbind. Trouens in die hele brief gaan dit later daaroor dat Jesus Hoëpriester is vir ons, omdat Hy die Seun van God is.

Ons laaste hoofgedagte is dan ook –

<u>Ons verhouding tot Christus…..Christus in ons.</u>

Christus wil ons nie alleen as Hoëpriester na die Vaderhuis bring nie, maar deur Christus word ons ook in die huisgesin opgeneem. Jesus word nou ook ons broer. Ons het gelees in *Hebreërs* 2:11-…..*om hierdie rede skaam Hy Hom nie om hulle broeders te noem nie*…..Psalm 22:23 maak Jesus dan ook op Homself van toepassing – *Ek sal U Naam aan my broeders verkondig, in die midde van die gemeente sal Ek U prys.* Ons moeder, die kerk wys vir ons dat ons word oorlaai met ouerliefde in die huis waarin ons tot kinders van God aangeneem is. In die gelykenis van die twee verlore seuns is daardie vêr kind tussen die varke wat nader kom, wat tuis kom, wat uitvind, dat die Vaderhart nogal die tyd brandend was. Hy was die hele tyd/deurentyd nog aan die Vader verbind met onsigbare bande. Ongelukkig besef ons dit baie keer eers, wanneer ons soos die seun die vaderhuis klaar verlaat het, om

dan later agter te kom dat die huurlinge in die huis van my vader het dit beter as ek. Soos die seun wie se broer hom nie wou ontvang nie, het ons nou gelees, ons het nie só ’n broer nie. Ons broer, Jesus Christus ontvang ons hartlik in die Vaderhuis. Hy kan my so ontvang, want Hy is ook ons Here.

Die woord Here beteken letterlik ’n baas, of ’n besitter, of ’n eienaar. Die keisers van vroeër, soos bv./ keiser Nero het ook daarop aangedring om “here van die heelal” genoem te word. Oral waar die keiser beeld gestaan het, moes mense ook daarvoor kniel en as mense wou gaan trou dan moes die voornemende huwelikspaar ook eers voor die beeld ’n offer bring. Die keisers het selfs bid – en vasdae ter wille van hulleself uitgeskrywe. Hulle is soos ’n godheid vereer.

Ek noem vir u die keiserverering om maar net weer soos ons belydenis by satan uit te kom. Soos wat die duiwel ons besit het, hy die reg op ons gehad het, so het hy ook agter die keiser aanbidding gesit om vir Jesus sy Here-Naam te ontneem. Die wêreld wat volgens 1 Johannes 5:9 in die mag van die bose lê. Satan wat god is van hierdie wêreld (2 Kor. 4:4). Nadat die duiwel nie meer die Seun van God kan bykom nie, kom hy nou alles en almal op aarde by. Jesus se Name moet dit selfs ontgeld wanneer hy poog om die kerk uit te roei.

***

Kom ons bely dit onomwonde- ons kan Jesus ons Here noem – **omdat Hy ons na liggaam en siel van die sondes en uit die heerskappy van die duiwel, nie met goud of silwer nie, maar met sy kosbare bloed tot sy eiendom verlos en vrygekoop het.** U het gehoor wat Jesus met die duiwel gemaak het. Ons moet net-nie dink dat die losprys aan die duiwel betaal is nie. Alles behalwe, nie ’n enkele druppeltjie bloed kom die duiwel toe nie. Daar is geen prys vir satan betaal nie. Die losprys is God s’n, teen Wie ons gesondig het. Aan die geregtigheid van God moes voldoen word. Satan het alle reg op ons verloor. Christus het nou alle reg, Hy ons Here!

Soos Simson sy hande aan die pilare van die Dagon tempel geslaan en krom gebuig het dat die hele tempel op die afgodiese menigte inmekaar gestort het, het Jesus sy hande in lyde en sterwe aan die pilare van die ryk van die duisternis geslaan en dit inmekaar laat tuimel om die mag van die Bose te verbreek. Na Jesus se opstanding het Hy nou alle mag. Net voor sy vertrek sy Hy mos – *Aan my is gegee alle mag in die hemel en op aarde.* Die mag behoort nou volkome aan Hom, want as Hy ons Here is, dan beteken dit Hy is ook nou ons Koning.

Ons het mos gelees in Hebreërs – *Hy stel hom aan die regterhand van die majesteit in die hoë plekke*….. Ons en selfs die engele moet Hom aanbid. As u hoor dat Hy nou aan die regterhand van God is, dink dan maar ook aan daardie ander hand, die hand van Thomas in sy sy, wat hom laat sê….*My Here en my God.* Voorwaar, dit beteken amen – Jesus is die eniggebore Seun van God, Hy is ons Here.

AMEN